Nuusbrief 6/2018 21 Februarie 2018

Geagte Ouers,

MCDONALD'S SPORTDAG – 2 en 3 Maart 2018

Ons sien met verwagting uit na hierdie geleentheid. Ons is dankbaar teenoor MCDONALD'S wat vanjaar as hoofborg van hierdie geleentheid gaan optree. Ons het werklik u as ouers se hulp tydens hierdie sportdag nodig. Personeel is hoofsaaklik betrokke by die sportspanne en organisering.

Ons benodig ouers wat kan help met die voorbereiding van voedsel en verkope op die dag. Ons benodig ouers wat patties en sosaties kan braai. Ouers wat kan help met die "bou" van 'n hamburger. Ouers wat help met koeldrankverkope en dan ook helpers by die toegangshekke. Normaalweg help Gr 8 en 10 by kosverkope, Gr 9 en 11 by koeldrankverkope en Gr 12 by die hekke. Die Voortrekkers is verantwoordelik vir die bak en verkoop van pannekoeke.

Ons benodig u net as werker, die skool voorsien al die voorraad.

Indien u beskikbaar is om te help stuur asseblief vir ons die volgende inligting.

- Naam en van van u kind.
- Graad en klas van u kind
- Naam en van van ouers (As beide kan help sal ons bly wees)
- Kontaknommer van ouers
- Plek waar u graag sal wil help.

Indien u naam reeds opgegee is as werker is dit nie nodig om dit weer te stuur nie. Sodra die bepalings beskikbaar is sal die indeling van werkspanne kan geskied. U kan "Reply" op hierdie skrywe, maar die leerders gaan ook 'n afskrif van hierdie inligting by die skool ontvang.

Ons benodig asseblief hierdie inligting voor of op Vrydag, 23 Februarie 2018.

Vriendelike groete,

H. van der Merwe

Skoolhoof